Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

28 Augustus 2026 Uitgawe: 6/3/2026

# UIT DIE KANTOOR

Dit is heerlik om te kan sê: **die winter is nou verby!** Oral om ons begin die eerste tekens van lente en nuwe lewe sigbaar word – in die natuur, maar ook in die energie en entoesiasme van ons mense. Die verandering van seisoen herinner ons daaraan dat elke nuwe begin 'n geleentheid bied om met vars moed en nuwe ywer vorentoe te beweeg.

Die afgelope maand was besonder besig by Tjokkies, met 'n vol program van **kultuur, sport en talle ander aktiwiteite**. Dit was 'n tyd van hard werk, deelname, prestasie en natuurlik ook baie herinneringe wat gemaak is. Alhoewel van die bedrywighede nou begin afneem, is die hokkieseisoen nog vir die volgende twee weke in volle swang.

**Volgende week is dit Engelse Week by die skool**, waar ons ons leerders wil aanmoedig om hul Engelse taalvaardigheid met selfvertroue te gebruik en verder te ontwikkel. Daarna wag die **toetsweek vir ons Graad 4–7-leerders**, wat oor 'n week begin. Dit is dus tyd om die fokus effens te verskuif – van die sportvelde en kultuuraktiwiteite na die boeke en akademiese voorbereiding.

**Tjokkie Hokkiedag 2026**
Na 25 jaar se aanbieding van hierdie besondere dag, glo ek dat almal sal saamstem dat hierdie 'n ongelooflike waardevolle dag vir die skool is. Vanjaar was beslis die grootste nog. Dalk té groot as mens na die lang rye by die badkamers gekyk het. Nietemin was dit weer 'n heerlike dag wat goed deur al die skole ondersteun is.

Baie dankie aan ons lojale Tjokkie-ouers wat ons jaarliks getrou ondersteun. 'n Groot dank aan ons ouerkomitee onder leiding van Freda Goosen en haar span wat weereens gehelp het met die verkope. Dankie aan elke ander ouer en kind wat ook hul hulp kom aanbied het deur 'n skof of twee te kom help het met die verkope. Volgende jaar maak ons weer so.

**HOOFDEKONGRES**
Let asb. daarop dat ek en mnr. Nicolaas Slabbert vanaf 31 Augustus tot 2 September die SAOU se Nasionale Kongres vir Skoolhoofde in Port Elizabeth bywoon. Indien u enige navrae het of inligting benodig, kan u gerus vir mnr. Hennie Botha, die Adjunkhoof, kontak.

**Herregistrasie van leerders**

Alle leerders van graad 1 – 6 ontvang 'n brief in harde kopie. Daarop moet u asb. aantoon of die leerder volgende jaar weer in Tjokkies gaan wees. Dui asb. aan indien u gaan verhuis of nog onseker is. Dit help ons met die beplanning vir 2027.

# ANDER


**Personeelsake**

Baie geluk aan mnr. Antonie Botha en sy vrou Hymne met die geboorte van hul baba-dogtertjie Izané.

Ons as personeel, ouers en leerders is voorwaar saam met jul opgewonde oor die nuwe toevoeging tot ons Tjokkie-familie.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 28 Aug.: | Voortrekker PD Toetskamp (Doornkloof) |
| | FHP 7’s Rugbytoernooi |
| | PBS Kultuurfees (Villa Avianto) |
| 29 Aug.: | Tjokkie Gr.1 2027 Verwelkomingsdag |
| | Voortrekker PD Toetskamp (Doornkloof) |
| | FHP 7’s Rugbytoernooi |
| | Nautilus 3 |
| | Mangaung Metro Cricket – Krieketwedstryde |
| 30 Aug.: | Voortrekker PD Toetskamp (Doornkloof) |
| 31 Aug.: | Begin van “English Week” |
| | Hokkieliga vs WP (s-tuis) |
| | Tennisliga vs PBS (d) |
| 1 Sept.: | Somersdrag (Let wel: Kermis verskuif na 9 Okt.) |
| 2 Sept.: | Tjokkie/WP “Spelling Bee” |
| 3 Sept.: | Gr. 7 “Cup Cake”-verkope |
| 4 Sept.: | Tjokkies hou Lentedag (Leerders trek volgens tema aan) |
| | Gr. 7 Dansopleiding |



# VERJAARSDAE

| | |
|---|---|
| 30 Aug.: | Mnr. Nicolaas Slabbert (Gr. 7) |

**Hoop vir die toekoms**

2 KORINTIËRS 4:16-18 AFR83

[16] Om hierdie rede word ons nie moedeloos nie. Al is ons uiterlik besig om te vergaan, innerlik word ons van dag tot dag vernuwe. [17] Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op 'n heerlikheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly. [18] Ons oog is nie op die sigbare dinge gerig nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.

Hoop is ‘n seker verwagting in God se beloftes. Dit is nie ‘n wens, optimisme of positiwiteit nie, maar ‘n vaste vertroue in God se getrouheid en Sy toekomsplanne vir Sy kinders.

Hoop is die kalmte in die oog van ‘n orkaan. Dis die anker van ons lewens, want ons weet hoe ons toekoms lyk:

"Ek weet wat Ek vir julle beplan het,” sê die Here. “Ek beplan voorspoed vir julle, nie teëspoed nie. Ek wil hê dat julle hoop vir die toekoms moet hê."

(JEREMIA 29:11 NLV)

"We can see hope in the midst of hopelessness. We can see peace in the midst of chaos. We have a hope that the world does not have."

Priscilla Shirer

# SNUFFELS

Ouers, kom deel in 'n storietyd gevul met pret en waardes.
By Schink Stories maak ons stories omdat ons 'n liefde daarvoor het.

Ons stories bied veel meer as vermaak – dit bou kinders se vaardighede op soveel maniere.

Kom geniet stories saam:
https://www.schink.co.za/

Sien julle vir storietyd!






**Daar is niks so gewild soos 'n Tjokkie Sokkie nie! Dit word deur Tjokkies Preprimêr aangebied vir Tjokkie-ouers, vriende, familie en oud-Tjokkies! Kom vier ons 30ste bestaansjaar en dans saam!!**